basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## MEI/JUNIE 2025

## VRYSTAAT

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Goedgekeur
Ms SM Barnard
Interne Moderator: DBE
15 Junie 2025

Goedgekeur
Ms R Bence
Eksterne Moderator: Umalusi
15 Junie 2025

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Kopiereg voorbehou*

**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word). Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A: DRAMA

## VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | (Hy praat van ...)<br>• die stalle (waar hy werk).<br>• Wilma se plaas/die (perde)plaas/perdeskool/ryskool.<br>• Silwerkloof Stalle.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.1.2 | • Hy moet sy gemeenskapsdiens voltooi/klaarmaak/doen.<br>• Die magistraat het gesê hy moet honderd uur daar werk.<br>• Hy het nog net een uur van sy straf uitgedien.<br>• Hy het nog nie die 3 maande/100 uur (gemeenskapsdiens) klaargemaak nie.<br>• Hy is gevonnis vir dieremishandeling/sy wrede daad teenoor diere.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.1.3 | Wilma/Mev. Botes | 1 |
| 1.1.4 | • Wilma het gesê hy moet sy selfoon bêre, maar hy het nie geluister nie.<br>• Lucky was ongehoorsaam.<br>• Lucky wou nie sy selfoon bêre nie.<br>• Lucky het nie sy werk gedoen nie (want hy was besig met sy selfoon).<br>• Die gelui van die selfoon het die perde laat skrik.<br>• Hy is nie toegelaat om die selfoon te gebruik nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.2.1 | wil nie daar wees nie | 1 |
| 1.2.2 | spot hy net | 1 |
| 1.3 | ryk | 1 |
| 1.4 | C/skrikkerig | 1 |
| 1.5 | • Lucky het klein katjies doodgemaak.<br>• Lucky het by Wilma begin werk.<br>• Lucky het vir Lady Jane se runnik geskrik en weggehardloop.<br>• Lucky het by die hek vir sy prokureur gewag.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.6.1 | D/Lucky wou nie doen wat Wilma vir hom sê om te doen nie. | 1 |
| 1.6.2 | E/Wilma wou hê Lucky moes verstaan dat hy die verkeerde idee het van die mense wat by haar kom perdry. | 1 |
| 1.6.3 | A/Lucky het gedink dis verkeerd van Binki om haar ma op haar naam te noem. | 1 |
| 1.6.4 | C/Wilma was kwaad vir Lucky omdat hy homself jammer kry. | 1 |



SB RB

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.7 | • Lucky moes leer om met diere te werk/verantwoordelik teenoor diere te wees/diere respekteer/versorg.<br>• Dit was 'n goeie manier om sy straf uit te dien./Dit was beter as om in die hospitaal of lykshuis te werk.<br>• Dit het hom die hele tyd besig gehou/was harde werk/het hom geleer om handewerk te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.8 | • Lucky het direk teen Wilma se opdrag gegaan/nie gedoen wat Wilma gesê het hy moes doen nie/was ongehoorsaam.<br>• Dit sou Lucky se wanidee oor die perdeplaas reggestel het/gewys het wat Wilma regtig op die perdeplaas doen.<br>• Dit sou vir Lucky gewys het dat hy nie die enigste een is wat swaarkry in die lewe nie.<br>• Lucky kon iets nuuts leer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.9 | Binki ...<br>• het nie geweet wat om te doen nie.<br>• was bang Wilma word kwaad vir Lucky.<br>• het nie van konfrontasie gehou nie.<br>• het net gedoen wat Wilma haar gevra het om te doen.<br>• het nie Lucky se woede/spot verdien nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • Dit is verkeerd om dinge van mense te dink/sê as jy nie die feite ken nie.<br>• Dit is onregverdig om te dink dat alle wit mense ryk is/dieselfde dinge doen.<br>• Nie alle ryk mense se lewe is maklik/perfek nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | 'n metafoor | 1 |
| 1.12.1 | positief | 1 |
| 1.12.2 | was nie meer so stout nie<br>*(Antwoord op Vraag 1.12.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.12.2 te verdien)* | 1 |
| 1.13 | D/hy glad nie weet waarvan Wilma praat nie. | 1 |
| 1.14 | • Sy ma het hom so geleer/geleer om grootmense te respekteer.<br>• Lucky gee nou om wat Wilma van hom dink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15.1 | Grace | 1 |
| 1.15.2 | gedrink<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15.3 | vat/raak | 1 |
| 1.15.4 | hondjie/hond/Dukie | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | • Die ryk mense het sy ma baie min betaal.<br>• Die ryk mense het meer geld vir een kat gekry as wat hulle Lucky se ma in twee maande betaal.<br>• Ryk mense gee meer om vir diere as mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17.1 | C/Lucky moes gemeenskapsdiens by die perdeplaas doen. | 1 |
| 1.17.2 | A/Kaizer het nie toegelaat dat Lucky hom slaan nie. | 1 |
| 1.17.3 | E/Kaizer het vir Lucky gewys dat hy verstaan en hom vergewe. | 1 |
| 1.17.4 | D/Lucky het besef dat ander mense ook seerkry. | 1 |
| 1.18 | Binki het besluit ...<br>• om Sabrina nou "Ma" te noem.<br>• dat haar ma haar nie meer naweke hoef te kom haal nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.19 | Lucky se ma het ...<br>• tyd gehad vir hom.<br>• hard gewerk om hom te kan versorg.<br>• vir hom kos gemaak.<br>• vir hom goeie maniere geleer.<br>• hom baie lief gehad/baie vir hom omgegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | Binki ...<br>• was skaam vir haar letsels.<br>• het nie selfvertroue gehad nie.<br>• kom uit 'n gebroke gesin.<br>• se ma het haar afgeskeep/vir haar gegril.<br>• het ander mense nie vertrou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.21 | Die skrywer laat Lucky ...<br>• vloek/kru taal/lelike woorde/skelwoorde gebruik.<br>• gedurig kla.<br>• rebels optree.<br>• Wilma uitdaag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • In die slot lees ons dat die perde se krag gehelp het om Lucky en Binki se lewens te verbeter/positief te verander.<br>• Die perde (se krag) het die mense gehelp om mekaar te aanvaar en te verstaan.<br>• Die krag van die perde het mense genees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **40** |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

## AFDELING B: KORTVERHALE

## VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H. de Vries

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | • Rooikoos het vroeg die Saterdagoggend al in die kantien gaan drink.<br>• Die hotelbestuurder het gekeer dat Rooikoos en die Barrydalers baklei.<br>• Rooikoos het op Barrydale se losskakel geskree.<br>• Die uitslag van die rugbywedstryd was gelykop.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| 2.2.1 | tevrede | 1 |
| 2.2.2 | kwaad | 1 |
| 2.3.1 | Rooikoos | 1 |
| 2.3.2 | Barrydale | 1 |
| 2.3.3 | Die Barrydalers het Rooikoos na (die hotel op) Barrydale gevat (terwyl hy dronk was)/(nie geweet het wat om hom aangaan nie).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.3.4 | (Hulle het Rooikoos se baard) afgeskeer. | 1 |
| 2.4 | C/te hartseer was om te praat. | 1 |
| 2.5 | swart | 1 |
| 2.6.1 | C/Die dorp se mense was jammer vir Rooikoos wat al sy grond verloor het omdat hy so baie drink. | 1 |
| 2.6.2 | B/Rooikoos was verbaas oor die vreemde man in sy kamer. | 1 |
| 2.6.3 | D/Die kelner het net rustig aangegaan met sy werk. | 1 |
| 2.6.4 | A/Die skoonmaker in die hotel het mooi met Rooikoos gepraat. | 1 |
| 2.7 | • Dit is slegte sportmangees.<br>• Rooikoos moes die losskakel 'n kans gegee het (om oor te skop).<br>• Dit het dalk veroorsaak dat Barrydale die wedstryd verloor het.<br>• Dit was slegte maniere om besoekers so te behandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8 | Rooikoos was veilig in die hotel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.9 | • Wanneer jy verkeerde dinge doen, moet jy weet daar gaan slegte gevolge wees.<br>• Rooikoos was alleen/het op die einde niemand gehad om mee te praat nie.<br>• Die Barrydalers het hom 'n les geleer wat hom hartseer gemaak het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • In die slot lees ons dat Rooikoos nie geweet het wie hy is/waar hy is nie.<br>• Rooikoos was nie in sy dorp nie/in Barrydale.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.11.1 | Wilgerspruit | 1 |
| 2.11.2 | lemoene | 1 |
| 2.11.3 | maand | 1 |
| 2.11.4 | • stof<br>• lawaai<br>• son/hitte<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 2.12 | personifikasie | 1 |
| 2.13 | C/tevrede was om gereeld te trek om paaie te maak. | 1 |
| 2.14 | • Hy het (kort-kort) op sy horlosie gekyk.<br>• Hy het gekyk hoe vinnig ry die bestuurder/verteller.<br>• Hy het stiller begin raak/minder gepraat.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.15 | • Sy eerste vrou (en kinders) is dood.<br>• Gouws het met sy oorlede vrou se jonger suster getrou.<br>• Sy eerste vrou (en kinders) is dood.<br>• Gouws het met sy oorlede vrou se jonger suster getrou.<br>• Gouws het 'n nuwe vrou gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.16.1 | B/Gouws was trots op sy werk as padmaker. | 1 |
| 2.16.2 | A/Gouws het vertel dat sy seun, Petrus, 'n slimkop is. | 1 |
| 2.16.3 | E/Gouws het vir almal in die gesin 'n spesiale geskenk gebring. | 1 |
| 2.16.4 | D/Die gesin het nie gesien toe die verteller by hulle verbyry nie. | 1 |
| 2.17 | Die verteller het naby Gouws se huis gaan stop/uitgeklim (om na Gouws se tuiskoms te kyk).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.18 | • Dit sou Gouws se tuiskoms bederf.<br>• Die hele gesin het daarna uitgesien om Gouws op die spesiale manier te ontmoet.<br>• Die kinders en vrou sou hom nie tegemoet kon hardloop nie.<br>• Die gesin sou nie almal saam huis toe kon stap nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.19 | • Gouws het alles van sy familie vir die verteller vertel.<br>• Gouws het geen rede gehad om te jok nie.<br>• Gouws het openlik oor sy lewe gepraat.<br>• Die verteller het self gedink dat Gouws 'n antwoord vir alles in die lewe het/positief oor alles is.<br>• Die verteller het geen rede gehad om Gouws nie te glo nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | Gouws ...<br>• was tevrede met sy lewe.<br>• was met min tevrede.<br>• het hard gewerk.<br>• was tevrede om ver van sy gesin te werk.<br>• was tevrede om sy gesin min te sien.<br>• was tevrede om in 'n tent te bly/baie rond te trek.<br>• het al baie swaargekry, maar was steeds dankbaar.<br>• het nie oor probleme/sy situasie gekla nie.<br>• het altyd die positiewe in alles raakgesien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.21.1 | vrolik | 1 |
| 2.21.2 | bly dat Gouws by die huis is. | 1 |
| 2.22 | Die skrywer vertel vir ons hoe ...<br>• opgewonde Gouws was om sy gesin te sien.<br>• Gouws (soos altyd) sy gesin wou verras.<br>• Gouws geskenke vir sy gesin saamgebring het.<br>• die gesin buite die huis vir Gouws gewag het.<br>• die tuiskoms was soos Gouws dit wou hê.<br>• bly almal was om mekaar te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 3: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

## VERHAAL A: "OPGANG" – Ina Rossouw

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Hannetjie | 1 |
| 3.1.2 | (In die) sitkamer | 1 |
| 3.1.3 | • Die naaimasjien was duur.<br>• Lukas sou maande lank afbetaal aan die naaimasjien.<br>• Lukas was bang hulle breek die naaimasjien.<br>• Lukas was bang die kinders bebodder/werk verkeerd met die naaimasjien.<br>• Lukas het lank gewag om vir Hannetjie haar eie naaimasjien te kan koop./Hannetjie moes lank vir haar eie naaimasjien wag.<br>*(Enige EEN of soorgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.1.4 | Die kinders het hulle maats gaan roep (om na die naaimasjien te kom kyk.)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2 | voetjie/tandjies/armpie/spoeletjie/naaldjie | 1 |
| 3.3.1 | beter was | 1 |
| 3.3.2 | haar nie meer aan Lot gesteur nie | 1 |
| 3.4 | C/nie meer moet voel ander is beter as sy nie. | 1 |
| 3.5.1 | C/Lukas was baie gelukkig dat hy vir sy vrou 'n masjien kon koop. | 1 |
| 3.5.2 | A/Lot het nie gehou van mense wat sukkel nie. | 1 |
| 3.5.3 | E/Drien was baie opgewonde oor Hannetjie se nuwe naaimasjien. | 1 |
| 3.5.4 | D/Hannetjie was tevrede omdat sy vir Lot kon sê wat Lot altyd vir haar gesê het. | 1 |
| 3.6 | • Hannetjie se man het vir haar 'n nuwe naaimasjien gekoop.<br>• Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe naaimasjien kom kyk.<br>• Lot wou voel hoe stik Hannetjie se nuwe masjien.<br>• Hannetjie het Lot gewaarsku om versigtig met haar naaimasjien te werk.<br>*(Die kandidaat kry 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.7 | • Lukas wou nog altyd vir Hannetjie 'n masjien koop.<br>• Lukas het geweet dat Hannetjie sukkel sonder 'n masjien.<br>• Lukas het gesien hoe lelik Lot Hannetjie behandel.<br>• Lukas wou hê sy vrou moes dieselfde hê wat ander vrouens het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.8 | • Dis nooit reg om so lelik met 'n ander persoon te praat nie.<br>• Hannetjie-hulle was arm/kon nie dadelik 'n masjien bekostig nie.<br>• Hulle was familie van mekaar.<br>• 'n Mens mag nooit dink jy is beter as ander nie<br>• Lot het geweet dat Hannetjie sukkel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Jy moet mense help waar jy kan.<br>• Jy moet mense help sonder om hulle sleg te laat voel/lelike dinge vir hulle te sê.<br>• Jy weet nooit wanneer jy ander mense se hulp nodig het nie.<br>• Jy moenie dink jy is te goed om ander te help nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • In die slot lees ons dat Hannetjie se naaimasjien 'n vrou van aansien/'n belangrike vrou van haar gemaak het.<br>• Die naaimasjien het Hannetjie se lewe verbeter.<br>• Hannetjie het die kans gekry om Lot terug te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.11.1 | Rotterdam | 1 |
| 3.11.2 | 3/drie | 1 |
| 3.11.3 | gevaarlike/stout | 1 |
| 3.11.4 | lees | 1 |
| 3.12 | (Na) Schouwen | 1 |
| 3.13 | • Leune het nie na Dou geluister nie/was paniekerig/te bang om na Dou te luister.<br>• Leune het Dou baie styf vasgehou/haar arms om Dou se kop geslaan.<br>• Leune het Dou onder die water gedrúk/Dou kon nie asem kry nie.<br>• Leune het Dou moeg gemaak.<br>• Dou kon nie Leune se arms om hom losmaak nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.14 | 'n vergelyking | 1 |
| 3.15 | A/min mense van die gebeurtenis geweet het. | 1 |
| 3.16.1 | D/Dou het besluit dat hy eerder sélf sal verdink as om die meisie te los. | 1 |
| 3.16.2 | C/Dou het die boot verlaat sonder om met iemand te praat. | 1 |
| 3.16.3 | E/Leune het nie kêrels gehad tot sy twintig jaar oud was nie. | 1 |
| 3.16.4 | A/Leune het Dou by 'n sendingfees ontmoet en met hom getrou. | 1 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.17 | Leune het nie geweet wat die seun se naam was nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.18 | • 'n Mens moet iemand in nood red as jy kan.<br>• Dou het 'n lewe gered.<br>• Dou het sy toekomstige vrou/liefde van sy lewe gered.<br>• Dou was 'n goeie swemmer.<br>• Dou het geweet die dogtertjie gaan verdink (as hy haar nie red nie).<br>• Dou het geweet daar is min tyd om die dogtertjie te red.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19 | • Wanneer mense trou, moet hulle nie geheime vir mekaar hê nie.<br>• Leune was eintlik ontrou aan Dou wanneer sy aan 'n ander man gedink het.<br>• As Leune oor haar geheim gepraat het, sou sy en Dou besef het dat hul die geheim deel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.20 | • Toe Dou vir Leune gered het, het niemand aandag aan hom gegee nie.<br>• Nadat Leune met hom getrou het, het sy steeds in die geheim aan haar eerste liefde gedink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.21 | • Dou en Leune was lief vir mekaar (al het hulle geheime vir mekaar gehad).<br>• Dou en Leuene was nog liewer vir mekaar nadat hulle hul geheim gedeel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.22.1 | gelukkig | 1 |
| 3.22.2 | die rede is waarom Leune nog lewe. | 1 |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **40** |

_EPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2025 -06- 15
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

SB RB

Kopiereg voorbehou